Maandelikse gemeentebrief Mei 2019

Ons kwartet van leraars is "goed genoeg"

'n Amerikaanse predikant met Nederlandse wortels, Richard DeHaan, het meer as 50 jaar gelede die wydgelese boek "*Men sent from God*" die lig laat sien. Daarin het hy die persepsies van gemeentelede op vernuftige wyse geskets. Die volgende is voorbeelde van uitdagings wat predikante steeds in die gesig staar:

- As predikante nog jonk en ambisieus voorkom kort hulle volgens sommige gemeentelede broodnodige gemeentelike ervaring, maar as hul hare effens gryserig begin vertoon, het hulle volgens ander dalk tred verloor met die jonger generasie.
- As predikante taamlik vanaf hulle notas preek, maak hul dalkies gebruik van 'n sogenaamde "*canned sermon*", maar as hul prediking nogal impromptu en kontemporêr is, is dit weer te vlak en wêrelds vir sommiges.
- As predikante in hul bediening sterk fokus op armes en weerloses word hul maklik verdink van "*playing to the grandstand*", maar as hul 'n welvarende gemeente hoog aanslaan, probeer hulle weer te aristokraties wees.
- As predikante graag stories, vertellings en media in die prediking gebruik, skeep hulle volgens sommiges die Woord af, maar as daar min verhale en illustrasies is, is die prediking weer te strak en verbeeldingloos.
- As predikante sondige dade en gedagtes openlik veroordeel, ag sommiges hulle as eksentriek en oudmodies, terwyl ander 'n predikant wat nie sterk op sondes gerig is nie, as te veel van 'n kompromis beskou.

Ds DeHaan kom tot die interessante gevolgtrekking dat as gevolg van Christelike gemeenskappe se toenemend onrealistiese verwagtinge, geen predikant naderhand meer as "goed genoeg" geag sal word nie. Ek wonder toe by my sigselwers of sy gevolgtrekking dalk ook waar kan wees vir NG Weltevreden in 2019?

In 2017 het die Kerkraad 'n opname van die opinies van meer as 1,600 gemeentelede gemaak. Op die vraag: '*Waarmee is jy die meeste beïndruk?*' is die **leraars** en die **eredienste** by verre die meeste vermeld. Aspekte soos die leraars se bereidwilligheid om hard te werk en om nuwe dinge te probeer; hul nederigheid; hul dinamiek; hul liefde vir mense; hul goeie spanwerk en hul aktuele prediking is telkens genoem. Dit was baie duidelik dat ons vier leraars uiters geliefd is.

Meer nog, hulle word gereken as die spil waarom gemeentebedieninge en -funksies

draai en ons gemeente se impak en sukses word gekoppel aan die insette en deugde van hierdie innemende kwartet.

Ek het ons predikante afsonderlik genader om my van woorde te voorsien wat hul kollegas raak sal beskryf. Hulle terugvoering het baie ooreengestem en was vir my inspirerend. Ek deel dit graag:

Kobus Sandenbergh is iemand vir wie sy kollegas besonder baie respek het. Hy word geag as die *institusionele geheue en argief* van NG Weltevreden. Hy is belese, ervare, wys, sensitief vir mense se behoeftes, lief vir mense, geduldig, 'n natuurliefhebber en by alles ook nog 'n talentvolle broodbakker.

Hettie Wessels word deur die ander leraars op liefdevolle wyse as die *Ma van die gemeente* beskou; iemand wat ma-wees en leraar-wees bykans perfek balanseer. Sy is ook vir hulle 'n *werk-esel*, wat baie balle tegelyk in die lug hou en iemand met 'n klein hartjie, wat haar beywer vir 'n aangename spankultuur onder die leraars.

Neil du Plessis het van al sy kollegas die edele terme *weldeurdag*, *deeglik* en *beredeneerd* ontlok. Hulle waardeer hom ook vir sy rol as *gawedrywer* – iemand wat seker maak dat al vier leraars binne hul passie en gawes bly bedien, sodat hulle nie hulself perdalks uitbrand nie.

Ferreira Marais is vir sy kollegas 'n kreatiewe denker, 'n nederige persoon en 'n *gentle soul* met 'n sagte hart. Hy is ook 'n uiters begaafde musikant, wat deurlopend 'n *deskant van innovasie van die jonger generasie* bly sing.

Ek dra graag hierdie gemeentebrief op aan NG Weltevreden se vier leraars. Julle is vir ons almal 'n voorbeeld en inspirasie en die hart en siel van ons gemeente. Julle is inderdaad, met verwysing na Richard DeHaan se boek ***three men and a woman sent from God***!

Gerrie J Jacobs
Kerkraadsvoorsitter